VAN ONS SUSTERS

SUSTERSVERGADERING Dinsdagaand 6 Februarie om 18:30.
Fanie Buys die streeksorganiseerder van Helpende Hand in Noord Wes was Dinsdagaand die spreker by die Sustersvergadering. Hy het 'n baie groot uitdaging aan ons gemeente gerig: Vir elke 15 debietorders van R50 wat ons lidmate insamel kry die gemeente R10 000 vir 'n projek van ons keuse om behoeftiges te help. Die debietorders hoef nie noodwendig van ons lidmate te wees nie. Jy kan jou kinders en kleinkinders vra om 'n debietorder te teken. Jy kan ook jou ouers en skoonouers vra. Dis net belangrik dat ons die vorms moet oorhandig aan die tak in Potchefstroom om hulle te laat tel. Vir meer inligting rakende Helpende Hand se projekte en waarvoor hulle die geld gebruik besoek hulle webblad by helpendehand.co.za.

WYKSUSTERS
Die hart van kommunikasie en meelewing in die gemeente begin by die wyksusters. Sonder hulle sal mense nie weet wat aangaan nie. Die wyksusters doen dus twee dinge hulle skakel met die wyk en die ouderling en diaken as daar nuus is. Verder reël hulle met die wyk om Sondae en by begrafnisse tee te skink. Die wyksusters word genader as ons enige iets deur die gemeente wil versprei of goed bymekaar wil maak. Dit gebeur gewoonlik voor ons jaarlikse verkoping.
Ons is egter diep in die nood aan drie wyksusters. Dit is selde dat daar drie oop wyke is, maar dis nou die geval. Indien iemand enigsins bereid is om te help kan jy met Karin gesels oor al die pligte van 'n wyksuster en hoe dit werk.
Nuut, jonk of oud? Geen kwalifikasies word benodig nie. Kom gesels vandag nog met Karin of skakel 0825321620. *- Karin*

SUSTERSAAMTREK

Aangebied deur Gereformeerde Kerk Cachet
Susters word hartlik uitgenooi na die Sustersaamtrek.
TEMA: *" Skuil onder God se vleuels"*
Spreker: Prof Henk Stoker
Datum: 10 Maart 2018. **Plek:** Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Koste: R 120 pp. R100 vir studente. **Registrasie** 08:30 – 09:00
Gee jou naam op as jy die Saamtrek wil bywoon. **Lys is in die saal.**

Sustersaamtrek 2018
Sal almal wat die Saamtrek wil bywoon vandag nog hulle naam opgee. Die lys is in die saal. Ons gaan môre die getal aan die Cachet Susters deurgee.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 4 Sondag 11 Februarie 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600** **Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Johan du Plessis** A5, **Paul-Jaco Schutte** A6, diakens wyk A5 **Ruan van Heerden**, A6 **Ruan Drijfhout.**
Teeskink na die erediens: Susters van wyke **B5 en B6.** Wyksuster van B5 is **vakant** en B6 is **Alta Hugo**. **Lidmate van dié wyke word gevra om te help.**
Diens Huis Eikelaan om 15:30: Ouderlinge van wyke A7 en B1. **Kobus Mentz** en B1 is vakant.
Bussiediens: Vandag ry **Andries de Klerk 084 440 1661**
Sondag **18 Februarie** ry **Gert Kruger** 072 314 5534

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: Skrifgedeelte: Mattheus 5:1 - 12; Psalm 37:1 - 11, 21 - 22, 34
Fokusgedeelte: Mattheus 5:5
TEMA: ***Die sagmoediges het vir ewig plek by God***
SING: Psalm 147: 1, 2, 4; Psalm 25: 3, 4; Psalm 37: 1, 5, 6, 21;
Psalm 149: 1 – 4.

AAND: Skrifgedeelte: Deuteronomium 16: 1 - 17; Openbaring 7: 9 - 17
Fokusgedeelte: Deuteronomium 16: 13, 14; Openbaring 7: 13, 14
Nederlandse Geloofsbelydenis: Artikel 37
TEMA: ***Christus sorg dat ons volle verlossing voltooi sal word***
SING: Psalm 96: 1 – 3; Psalm 7: 5, 6;
Skrifberyming 45: 1, 9, 12

LIEF EN LEED

Marie Smit is Woensdag in Ons Hulde tehuis oorlede. Begrafnisreëlings sal nog bekend gemaak word. Ons dink aan haar geliefdes in die tyd.

Dagboek

11 Febr: **Voorbereiding Kerkraad en Diakonie vergader.**
Telkommissie 2 vergader
18 Febr: **NAGMAAL** en gemeente-ete.
19 Febr: **Uitdra van Evangelie** vergader 17:30

Kom drink lekker tee/koffie na die oggenddiens.

Susters van wyke B5 en B6 versorg vandag die tee.
Wyksuster van B5 is **vakant** en B6 is **Alta Hugo.**
Ons vra dat lidmate van hierdie wyke ook kom help.
Ons nooi nuwe lidmate om te kom om kennis te maak.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir die **Dankbaarheidsfonds**
Volgende week is die kollekte die oggend vir die **Uitdra van Evangelie**
Die kollekte vanaand by deure is vir **Instandhouding van die erediens.**

KATEGESE
Vandag moet julle **Les 4** en **Psalm 34: 1** ken.
Maandag lees *Laat My lammers wei* Hoofstuk 31
Volgende Sondag geen kategese.
Woensdag se katkisasie Graad 8 – 11 om 16:00 – 16:40

BYBELSTUDIES

Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:00 in konsistorie.

VERGADERINGS
11 Februarie: Kerkraad en Diakonie vergader na die aanddiens
19 Februarie: Uitdra van Evangelie vergader 17:30, Ockerselaan 11

Bybelstudie vir ouers met klein kinders

(0 tot 10 jaar)
Dinsdagaande van 18:30 tot 19:30 by
Beyers Naudelaan 38 (of soos anders gereël).
Ons behandel die week *1 Timotheüs 3.*
Kontak Jonker Venter (082 566 3216) vir meer inligting.

HEERLIKE KOPPIE TEE NA DIE DIENS

Hier is 'n lysie om elkeen in te lig hoe die skinkbeurte werk.
Wanneer? Elke Sondagoggend tydens die skooltermyne
Waar? In die kerksaal
Wie skink? Elke suster en elke wyk kry 'n beurt
Hoe weet jy wanneer? Op die kalender is die skinkbeurte aangeteken.
Wie reël dit? Johan stuur op Vrydae sms'e aan die betrokke wyksusters. Hulle laat weet hulle wykslede.
Wie dek die tafel? Vrydae skuif Pieter die tafels reg en as Nicolene nie werk nie pak sy vroeg op 'n Sondag die koppies uit.
Wie koop die koffie, tee, suiker en melk? Die Sustersbestuur sorg dat daar altyd genoeg van alles is.
Wat moet jy doen? Direk na kerk gaan na die saal. As jy nuut is sal iemand jou wel vertel wat om te doen.
Wat as niemand opdaag nie? Sê nou jy kom in die saal en daar word nie tee geskink nie, of daar is net een arme vroutjie wat haar bes doen, wat dan? Gooi jou handsak neer, groet almal en begin. Baie mense sal dankbaar wees dat jy kom help het.
Gaan soek sommer vandag jou wyk se skinkbeurt en teken die datum aan. Ons hoop om die kombuis vol geselsende susters te sien wat lekker saamwerk.

KONINGSKINDERS:
BELANGSTELLENDES & GROEPLEIERS
Julle word **hartlik** uitgenooi na 'n gesellige inligtingsaand wat handel oor die **Koningskinders!**
Wanneer: 13 Februarie 2018 om 17:30
Waar: By die Gemeente Sentrum (GS) Cachet-gemeente
Kom deel gerus jou vrae, ervaringe en prettige stories met die res!

Wyksbraai vir Wyk E2

Saterdag 24 Feb. 2018
by die kerkgebou vanaf 12:00 tot 15:00.
Finale reëlings sal met elkeen getref word.
Kontak Jonker Venter (082 566 3216) vir enige navrae.

GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL

Die ete wat die Susters maak is altyd 'n heerlike lafenis in die warm somer. So sal dit DV ook wees op **18 Februarie om 12:00.**
Johan du Plessis sal die besprekings behartig in die kerksaal of telefonies by 018 294 4600.
Die koste is **R 30** per persoon.

VERJAARDAE GEDURENDE DIÉ WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende die week verjaar baie geluk met hul verjaardag

12 Febr **Ruben Donald,** Stormstraat 5
13 Febr **Mione du Toit,** Bodensteinstraat 14, ☎ 083 309 9078
Coenraad Karsten, Adrinawoonstel 215, ☎ 082 419 0435
Tanya van Lith, Louis Leipoltstraat 10, ☎ 082 610 7259
16 Febr **Marie Kits,** Huis Eikelaan TB 310, ☎ 082 335 8764
Klaas Wyma, Spruitstraat 76, ☎ 084 802 3707
17 Febr **Tillie Eloff,** Mortimerstraat 3, ☎ 082 858 5354
---------- **Margaretha Kirsten,** Buskusstraat 28, ☎ 072 406 9457

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** Sondag 4 Februarie 2018 was R 6 710 en die kollekte ten bate van ons **Jeugfonds** was R 2 760.

DIAKONIE SE KOSKAS

Koffie, suiker en langlewe melk is altyd baie welkom. Maar weet jy wat? As jy moeg gewerk by die huis kom en jy kan darem so 'n lekker grondboontjiebotter en konfytbroodjie wegpak. Ag man, dís nou lekker. So ons sal so bly wees as jy 'n smeer of twee ekstra kan koop hierdie maand. En onthou: kleinste is die beste.
Die krat vir die nie-bederfbare produkte en skoonmaakmiddels is in die saal.

Veertig jaar in die wildernis. (2)

Voor die bou van die ark.

Deur Ita Schulze

Na verloop van vierhonderd-en-dertig jaar het al die kinders van Israel uit Egipteland getrek. In Eksodus 12: 37 lees ons *'En die kinders het van Raämses na Sukkot weggetrek…te voet.'* Daar was seshonderdduisend manne buiten die kinders. En vers 38: *'En 'n menigte mense van gemengde bloed het ook saam met hulle opgetrek, en…'n groot hoeveelheid vee'*. Dit was 'n uitermate groot trek.
'Toe Farao die volk laat trek het, het God hulle nie op die pad na die land van die Filistyne gelei nie, alhoewel dit nader was...' Eksodus 13:17. Op die kaart kan mens die twee vername hoofweë sien. Dit gaan van wes na oos in die Wadi Tumeilat en draai dan noordwaarts bo al langs die see. Daar is ook 'n derde hoofweg wat direk oos-wes deur die Wildernis van Paran gegaan het. Die weg waarlangs die Israeliete getrek het, so word aangeneem, het suidwaarts gegaan.



Sukkot beteken uitspanplek met tente en 'n stal of takkraal. Die groot menigte, waaronder kinders en mense wat moeilik kon loop of wat gedra moes word, kon amper nie vier-en-twintig kilometer te voet per dag aflê nie. Sukkot is reg suid-oos van Gosen en albei is geleë in die Wadi Tumeilat, 'n droë riviervallei ongeveer vyftig kilometer lank in die Nyldelta. Dit is 'n baie vrugbare vallei waar graan, groente en vrugte in oorvloed gekweek was. Sukkot was die eerste plek waar die Israeliete gerus het. Hier het hulle vir hulself tydelike skuiling van riete en takke gemaak.
1, Van 'n ander Sukkot lees ons dat Jakob daar vir hom 'n huis en vir sy vee takkrale laat bou het meer as vierhonderd-en-dertig jaar *voor* die Israeliete uit Egipte getrek het (Genesis 33:17). Hierdie plek was geleë oos van die Jordaan-rivier en effe noord van die Jabbokrivier. Nadat Jakob met Esau 'n ooreen-koms aangegaan het, het hy uitgespan by dié plek en dit *Sukkot* genoem.
2, Ons lees ook van Gideon wat vir Seba en Sálmuna agtervolg het (Gideon het oor die Israeliete regeer van 1191 v.C tot 1151 v.C dit wil sê *na* die uittog uit Egipte). Hy het vir die inwoners van *Sukkot* gevra: *'Gee tog broodjies vir die manskappe…'* (Rigters 8:5).
3, *Sukkot* (tussen Sukkot en Sartan) word ook genoem as die plek waar die koperpotte vir Salomo gegiet was deur Hiram (1 Konings 7:46).
Maar hierdie Sukkots is nie waar die Israeliete vir die eerste keer gerus het nie.

(volgende week meer)